



• **Gedigte**

Heilna du Plooy

Mot 141
Reis 143

Marius Crous

Monody 145
settle 146
she squandered notes 147

John Mateer

Hotnotsgot 148

Jossie Potgieter

Kolskoot 149
Uit Ysland 149
Die Woord daal neer 149

• **Kortverhale**

Marlise Beckett

Ontheiliging van 'n duif 151

Nelia Engelbrecht

Nag van die boor 159

Die rubriek *Litera* word finansieel gesteun deur/
The section *Litera* is financially supported by



STIGTING VIR DIE SKEPPENDE KUNSTE
FOUNDATION FOR THE CREATIVE ARTS

Rubriek vir skeppende werk

Met die afdeling *Litera* tree ons toe tot die mark vir skeppende werk in al die tale waar daar normaalweg in *Literator* geskryf word.

Dit is die wens van die Redaksie dat die gedigte en kortverhale wat hierby verskyn, baie gedigte, kortverhale en prosa- en dramafragmente in ander inheemse tale sal roep, sodat hierdie blad één geïntegreerde beeld van die korter skryfwerk van jong Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Dit is met vreugde dat ons die uitnodiging aan veral digters en kortverhaalskrywers rig om skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek, met die voorbehoud dat ons nie oor die mannekrag beskik om daaroor te korrespondeer nie. Bydraes in **viervoud** moet in dubbelspasiëring getik wees, met die naam en adres van die insender regs bo aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke losbladvel wat gestuur word.

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

In introducing the section *Litera* we are entering the market for creative work in all the languages that *Literator* normally caters for. It is the wish of the Editorial Board that the poems and short stories printed in this issue will only be the precursor of many poems, short stories, prose and drama fragments in all the indigenous languages, so that the journal will be able to present one integrated image of the short pieces of writing which young South Africans can offer.

It is with great joy that we extend this invitation to especially poets and short fiction writers to submit creative work with a view to publishing them in this section. The only reservation is that we do not have the manpower to enter into correspondence about the works submitted. **Four copies** of contributions have to be submitted. The submissions have to be typed in double spacing, with the name and address of the author at the top right of the first page of stapled text, and on every loose sheet sent in.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator*, (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

Die mot

Die mot was in 'n saal met soveel lig
so vreeslik baie lig

– uit die kandelaar spat blitse
uit die fluoessente buis stroom glans
die hallogeen óórstraal met poeierskyn
die fokuskol verblind:
'n eindelose see van gloed
'n skadulose koue harde vloed –

dat die mot vir haarself geen lig kon vind nie
dat die mot daarvan kon sterf.

Die mot soek meestal dowwer lig
ja, lig met minder glans
meer misterie.

Die kersvlam in 'n donker huis
met sagter geler warmer lig
brand met 'n kleiner dieper gloed.
Die kleilamp op 'n donker stoep
wat net met olie brand
is vriende met die duisternis
en koester nagtelike skaduwees
in die hartbrand van sy vlam.

Die mot is broos
en gou oorbluf
van wat te veel is.

Die mot is klein
en kan verdwaal
in wat te groot is.

Die mot moet weet
van klein en broos
van waar haar grens is.

Skerp lig laat daardie kolle op haar vlerk
dié kolle wat karakter is
onsigbaar met haar grys versmelt:

in kleiner sagter lig
begin dit pols en gloei
in simbiotiese gesprek
met wat haar portuur is
en dan is sy 'n glimmerende ding
van silwer, karnosyn en swart
en goud vonk vrolik uit haar oog
in die beperkte kring.

Reis

Wanneer dit middelwinter was
en snags die Hoëveld tot poeier
skroei in koue en yl ryp,
dan het Pa graag gereis
na waar dit warmer was.

Wanneer ons donkervroeg vertrek
is ons in warm dekens toegedraai:
bekende vorms buite was dan onbekend
en vreemder blou-swart soos ons verder ry.

Pa wys waar die drie konings sit
en ook die Suiderkruis.
Ons loer so vaak-vaak na die lug
verstom dat ook die maan kan ondergaan.

Wanneer dit ligter word
die son koeël-kleurig-rond verskyn,
dan moet ons rondkyk en vertel
vóór wat ons sien verdwyn.

Pa gee deurlopend aardrykskunde-les
plantkunde en dierkunde
én ook geskiedenis kom by:
Kyk, hier begin die landskap breek –
die binneland is mos een groot plato.
Let op, ons ry nou baie minder op as af.
Kyk na die heuwelrige glooiings daar,
die voëls, die soorte gras,
die boom se soort, sy bas en blaar.

Wanneer ons in die middel van die môre kom,
dan sê Pa: Voel, dis baie warmer hier.

En dan kyk ek, die Hoëveldse kind,
verby die koue en bekende
bleekheid in my kop,
verruk na hierdie nuwe streek:

al langs die pad lang lanings van karlien
met groot slap blomme skelrooi teen die groen,
en plek-plek groot massiewe hope kleur
waar bougainvilleas hoog op rank
en dan áf reën in pienk en pers.

Ons het die land op dié manier leer ken
en deur die ken ook liefgekry.

Met hierdie liefde staan ons nou oorhoops:
ons is met alles wat ons is
– dit voel ek in die politieke lug –
'n stigma, net verlede, vreemd, terloops.

Maar in my kop is hierdie beelde ingegrein
soos in die gene ook waaruit ek kom:
nooit pas ek in 'n ander plek
soos in dié een, al is dit by verstek.

monody (elegy for single voice)

outside the rain the rain the rain is dripping
inside a long slow melody given out by the oboe
where are you herr freud when i need you most
when the day has too many silences
the hours like incessant raindrops drip
when the walls in crimson hue
the windows smeared with lifeless spunk
engulf me
when the clock on the wall no longer cudgels
the sinewy slime of my brain
the neighbours no longer disturb my lunacy
i will give it to my demon from behind
inebriated by the passion from our guts
we'll perform the blocksberg polka

settle

at the station the little girls with suitcases
wait for the train from the inland
to take them from the smoggy school buildings
to farms plastered across the open plains
where fathers toil and brothers breed with sheep

on these farms
covens of bleats and shotguns
will guard their chastity
would-be lovers and husbands alike
will strip and permit
fathers and brothers alike
to weigh their balls
calculate their sperm counts

a fortnight passes
for little girls with suitcases
to come and resume
their talks on michelangelo
the intricacies of needlestitch and muffinmaking
to dream someone else's dreams
in dank and narrow beds

she squandered notes
on clarinet lessons
unable to love
she passed the hours
in cheap cafés and bistros
talking to strange men about descartes
i play therefore i am
she jazzed at the bar
shared sheets and notes with the saxophonist
yet every morning
as the boats awoke
trains and buses left for work
alone she walked the paperstrewn streets
blew out futile dreams
of just one more night
with the smoke from her cigarettes
till on that day
with its abattoir sky
a quick flash from an alley
drew a finale from her throat

Hotnotsgot

A giant computerized
ant armoured with
lenses: the planetarium's
projector. Her
silence and gradual tilting
like the glinting surrated pincers
of the Mantis,
her foremother.

She shines specks
into the pantheon's concave,
rotating us in a sky
deeper than the real.

No oculus for the sun here.

Weather and astronomer
equally reverberations.

That ant's vision
anyone, everything.

Kolskoot

Rose in gelid – vlae fladderwit –
gelei my langs 'n lang oprit;
eensklaps, teen die aarde,
kruip daar één wat – oopwond bid.

Uit Ysland

“Gegroet!” en “Gegroet! Gegroet!” roep-roep die tuin
vanoggend só op papawertaal,
dat ook hy sy hoed se skaduwee
afhaal,

bewend gaan monde oop
na bo:
wasopaal, vonkelwyn, gloedgeel, vermiljoen
– koraal!

Woord daal neer

Val 'n vlinder voor my – wit snipper –
tril jota en tittel rooi op sy vlerke in ou skrif:
Horeb sidder nog, toe vingerinskripsies splinter –
'n heuwel luister later hoe word gegrif, gegrif, gegrif ...

Ontheiliging van 'n duif

Paul probeer met moeite sy swaar gipsbene in die bed verskuif.

“Dis 'n koue dag” merk hy op teenoor die non. “Ek wonder of die duif vandag weer sal kom” sê hy en hy kyk bo-oor haar kop deur die bokant van die venster, waar die wind die populiertoppe liggies roer en Meintjieskop teen 'n streep blou lug lê.

Die non antwoord nie en kyk nie op van haar spuitnaalde en buise nie. Paul sien dat sy nie vandag die kruis om haar nek dra nie en wonder waarom sy dit afgehaal het. Sy het dit voorheen elke dag gedra. Terwyl die naald sy aar soek, het sy oë die fletsende blou skittering van die kruis opgevang, totdat sy die drie buise donkerrooi bloed toekurk en die watte in die holte van sy arm druk. Vandag sal hy maar probeer fokus op die flou strale van die winterson wat deur die half toegetrekte gordyne filter.

Hoër op in die gang is die geluide van elke middag vyfuur: die geklap van deure, die tjerie-tjerie van die medisynetrollie van kamer tot kamer, die haastige voetstappe van die dagsusters wat regmaak vir die dokters se aandbesoeke, die dieper stem van 'n dokter. Êrens huil 'n kind.

“Ek kan nie verstaan hoe jy dit uithou om so dag in en dag uit hier in die hospitaal te werk nie, suster Mary. Jy kan tog seker enige ander plek werk ...” Hy soek na reaksie van haar, 'n glimlag miskien.

Sy kyk vir die eerste maal van die bloedbuis af op.

Paul probeer haar oë vasvang en sien hoe die lig daarin beweeg en hulle donkerder word, troebelgrys en dan verskrik.

Suster Mary voel onkant gevang. Asof Paul haar eie ontoelaatbare gevoelens oopplek; gedagtes wat sy al jare lank probeer onderdruk.

Paul voel skielik verward, half asof hy haar skelm afgeloer het.

Sy sukkel om haar gedagtes te verwoord en Paul wil sê: Toemaar, jy hoef nie te antwoord nie, ek wou maar net gesels. Maar sy antwoord tog:

“I do it for the Lord ... and because I like it, for then I can have contact with nice boys like you.”

Paul knik en strek sy hand uit na die verfrommelde servet op die bedkassie. Daarin is die krummels van sy ontbytbrood wat hy elke dag bêre.

“Strooi dit net asseblief weer vir my op die vensterbank, suster Mary, voor jy loop.”

Paul het gevra dat sy hom regop laat sit teen die kussings en nou kan hy deur die venster sien tot onder in die tuin. Aan die beweging van die boomtoppe kan hy sien dat die windjie waai. Die populiere gooi al lang skadu's oor die doodgerypte gras en die stofbeddings. Langs die paadjie na die hoofingang groei 'n rytjie rooi en geel Jakobregops.

Sy oë dwaal na die nes in die boom naby sy venster waar die wit duif broei. Die nes is leeg. Gewoonlik teen hierdie tyd wag sy al op 'n sytakkie van die boom vir die krummels om uitgegooi te word. Sodra sy dit opmerk, vlieg sy tot op die vensterbank en pik dit dan op, sonder om op te kyk. Daarna pof sy haar op in die laatmiddagson en loop met gritsende treetjies heen en weer op die vensterbank.

As sy dan haar weerkaatsing opmerk in die ruit, pik sy teen die glas met binnensmondse koergeluidjies. Maar daarna kyk sy met haar swart kraalogies verby haar weerkaatsing tot in sy oë. Die duif is nie bang om vir hom te kyk nie. Hy lê dan met ingehoue asem, te bang om 'n beweging te maak, ingeval sy dalk mag wegvlieg.

Maar die duif kyk nooit eerste weg nie.

In die gang buite Paul se kamerdeur praat sy tant Lydia in 'n gedempte stem:

“My hele lewe verander in 'n hel, Suster. Jy weet ek het twee kinders gehad en nou het ek skielik twee maal so veel.”

'n Verpleegster antwoord, maar Paul kan nie hoor wat sy sê nie. Hy spits sy ore om te hoor of hy nie sy sussie se stem hoor nie en besef dan teleurgesteld dat sy weer nie gekom het nie.

Lydia stap met 'n glimlag sy kamer binne. Sy huiwer 'n oomblik voordat sy 'n soentjie op sy voorkop druk en vermy dan sy oë.

“Waar is Elize?” vra hy voor sy nog kan sit.

“Ek het haar gister weer by die sielkundige gehad en sy reken dis beter dat sy nie nou in die hospitaal-atmosfeer kom so kort na die ongeluk en jou ma-hulle se dood nie.”

Hy knik afgetrokke en vou sy arms om sy onderlyf. Sy oë dwaal verby haar na die leë vensterbank.

“Sy stuur groete en sien uit daarna dat jy huis toe kom.” Huis toe kom ... ek gaan nooit weer huis toe nie, dink hy.

“Wat word van ons huis?”

“Die prokureur reken ons moet dit maar so gou moontlik verkoop en die geld vir julle belê.”

Paul dink aan sy kamer met die buitedeur en die groot akkerboom by die swembad; aan die duiwehok agter in die erf en die sweeftuig wat hy in die buitekamer aan die bou was; aan die voëlpark langs die huis waar die kolganse in die riete skuilhou en die bloukraanvoëls deur die langgras dans, hul sterte soos linte in die wind.

Sy keel word styf.

“As hulle nou net die infeksie by jou opgeklaar kry, reken hulle jy sal kan huis toe gaan. Hulle het nou glo die kiem geïsoleer.” Sy steek haar hand uit na die dreineringsbuis wat vanuit sy lies loop en bekyk die rooi-geel vloestof soos ’n deskundige.

“Dit lyk al minder ... miskien is dit nou nie meer so lank nie. Elke dag hier kos in elk geval ’n fortuin.”

Hy voel nie lus om met haar te gesels nie en is bly toe sy kort daarna verskoning maak.

Daarna is hy weer alleen.

Later kom die duif tog. Sy pik langsaam die krummels op en pof haar op in die laaste strale van die son. Toe die suster inkom om sy bloeddruk te neem, vlieg sy nie weg nie.

Vroeg die volgende oggend kom suster Mary Paul haal vir die diens in die kapel. Sy help hom met deernis in die rystoel in en glimlag effens oor sy opgewondenheid om uit die kamer te kom.

Iets gebeur daardie dag met hom.

Nog voor die diens begin, ervaar hy al ’n gevoel van heiligheid. Hy hoor dit aan die stilte; aan die geruis van die vlerke van die duiwe in die venster. Hy ruik dit in die wierookgeur wat opslaan uit die brandende kerse.

’n Goue streep lig val deur die smal ruit. Dit omskep die nonne in wasige engele in fyn blink klere. Met ’n ruising van wit vlerke kniel hulle tussen die brandende kerse, omstraal met sagte kontoere van goue lig. Toe hulle opstaan en hulle

vlerke terugvou oor hulle skouers, styg hulle stemme op in glashelder hallelujas. 'n Brandende verlange om deel te hê aan hulle heiligheid en saam te sing in die koor van engele, stoot in hom op.

Toe meteens, soos 'n lig, stroom die soet klank milddadig in hom in en hy voel hoe tranes oor sy wange vloei. Hy raak bewus van 'n nabyheid wat hom toevou en op hom neerdaal soos 'n duif.

Daarna kom suster Mary Paul meer dikwels haal vir die diens.

Sy besef die besoek aan die kapel en die duif wat hy voer op sy vensterbank, is die hoogtepunte van sy dag.

Soms as die duif fladderend op Paul se vensterbank kom sit, bly hy met halftoe oë lê. Dan verbeel hy hom hy sien weer die engele en dat die geel gloed van die kapel sy kamer binnestroom.

'n Paar dae later kan sy bene se gips afkom en die dreinerings-buise word uit sy lies verwyder. Later die dag kom besoek die fisioterapeut hom om hom te help om te loop. Sy knieë wil knak, maar sy vat hom vas om die lyf.

Hulle stap treetjie vir treetjie in die lang gang op en af. Haar nabyheid laat hom verlang na sy ma en hy verbeel hom dat sy dieselfde parfüm gebruik. Hy besluit om haar te vra as hulle terug is in sy kamer, maar toe sy hom ophelp op die bed raak sy skielik haastig en die oomblik gaan verby.

Daarna is hy weer alleen.

Namate hy sterker word, kan hy op sy eie begin beweeg. Dit word vir hom 'n uitdaging om so na as moontlik aan die duif te kom.

Op 'n dag eet die duif krummels uit sy hand. Eers retireer hy na elke krummel wat hy oppik, maar later pik hy dit langsaam sonder om op te kyk. Hy kielie hom met sy skerp naeltjies en die fyn stekeltjies aan sy pootjies, sodat die haartjies op sy arms rys. Later streel hy die sagte dons onder die duif se keel en vou sy vingers oor die stolpende krop, sonder dat die duif skrik.

“Waar is suster Mary? Ek sien haar amper nooit meer nie”, vra Paul een oggend toe die hulpverpleegster sy wasskottel wegneem.

“Sy het 'n baie siek pasiënt in kamer vyf en buitendien, jy is mos nou beter, nie waar nie?”

“Sê vir haar sy moet kom kyk, ek wil haar iets wys”, sê hy terwyl sy om die deur verdwyn.

Suster Mary weet intuitief dat Paul haar nodig het, maar telkens wanneer sy met hom wil gaan gesels, duik iets dringends op.

Eendag toe Paul verby die dienskamer loop op pad kapel toe, hoor hy skielik sy naam:

“Paul is quite ready to leave the hospital now. The only problem is, he doesn’t seem keen to go home.”

“Well, apparently his aunt isn’t coping, so I think I should find out from the social worker if there isn’t a place of safety she could suggest”, hoor hy suster Mary antwoord.

Die gordyn voor die venster na die gang is half oop en suster Mary sit kop onderstebo by die lessenaar, die ander ’n halfmaan om haar. Haar wit kopdoek het vorentoe geval, half oor haar gesig, sodat Paul nie haar gesigsuitdrukking kan sien nie. Toe sy opstaan en dit terugvee oor haar skouer, lyk dit vir hom soos die duif se vlerk.

Paul draai weg van die venster af en begin weer in die lang gang aanstap kapel toe. Sy keel is droog en dit voel asof hy liggies van binne bewe. Alles voel onwerklik. Amper asof sy bene iemand anders s’n is en asof hy sweef.

In die kapel is niks meer dieselfde nie.

Niemand merk hom meer op waar hy alleen in die agterste bank sit nie. Die son het seker geskuif, want daar is geen goue strale wat meer deur die venster filter nie. Die kerse flikker, asof die muwwe verstikkende lug hulle wil uitdoof.

In die somberheid het die nonne se vlerke afgeval, dink hy. Hulle lyk soos die deelnemers aan die kleedrepetisie van die operette. Hard gestyfde uniforms wat ritsel as hul kniel en opstaan. Kniel en opstaan. Die priester met donker oë agter swaar wenkbroue voer die ritueel meganies uit; sy dralende stem soos die hoof se gebed met die hoë leë woorde Maandae in die saal.

Here, dink hy, Here U is ook nie eens meer hier nie.

Hy skreef sy oë en sif die halflig deur sy wimpers om te kyk of hy nie dalk die goue rimpelings gewaar nie. Die rimpels waarin die engele verdwyn het.

Daarna wag Paul dat hulle sy lot moet kom aankondig, die komplot tussen hulle reeds gesmee.

Hy wonder hoe hulle dit vir hom sal kom sê.

Sy tante sal seker sê dat hy nooit sal kan droom wat se wonderlike koshuis dit is nie en dat hy elke naweek sal kan huis toe kom en dat hy dan sal kan tennis en rugby speel. Dan sal hy die verligting op haar gesig kan lees. Dalk huil sy selfs.

Anders kom sê suster Mary dit dalk: "I am so sorry child that I've been so busy, but I'm so glad that God has healed you completely. You know, we have given the matter much thought and you are going to be much happier in a hostel than staying with your aunt. And anyway, the Lord is always with you."

The Lord is always with you.

Nooit die waarheid nie. Niemand praat ooit die waarheid nie.

Die aand loer suster Mary om sy deur: "And how are you doing? What's up?" Hy draai sy kop weg venster toe sonder om te antwoord. Sy kom by die deur in en druk met haar hand op sy bed:

"Paul, is something wrong?"

Hy antwoord nie.

"Are you still feeding the dove?"

Eers bly hy roerloos lê, maar lig hom dan op sy elmboog.

"It's cruel to start feeding something and then to suddenly stop", sê hy en kyk haar betekenisvol in die oë.

Suster Mary hoor die aanklag. Sy wil reageer, maar toe Paul die skrik in haar oë sien, draai hy sy rug beslis op haar.

Die boom se skadu val nou lynreg oor sy venster. Dit bring 'n somberheid in Paul se kamer.

Hy is rusteloos en kan nie slaap nie. In die nag rol hy rond en as hy tog aan die slaap raak, skree hy homself wakker. Sy skinkbord met kos stoot hy onaangeraak terug.

Sy koors vlam weer op en hulle sit hom weer op 'n drup. Half bedwelmd lê hy en kyk na die sakkie bo sy kop wat drup ... drup, na die lig waaiende gordyne en die groen liggie bokant sy deur.

In sy halfsluimerende brein vorm nou newelagtige droombeelde: Die groen liggie begin flikker en die gordyne word die winkende vlerke van die duif. Hy strek sy

hande uit en skiet op ... op agter die duif aan. Met uitgestrekte arms probeer hy die duif vang, maar die duif klief weg deur helder wit wolke. Skielik verander die wolke in 'n duister gemaal en die duif duik met arendskloue in 'n donker gewaad op hom af. Nou is hy weer in sy sweeftuig en probeer swenkend die duif ontduik, maar die duif is te vinnig en klap hom uit en hy tol en tol en tol ... die duif pik na sy oë. Hy keer met sy arm.

Iemand skyn met 'n flits in sy oë. Hy hoor iets van koors en 'n waaier. Iemand huil in sy eie stem.

Dan is dit skielik weer 'n koeler, helder dag. Hy sien sy ma uit die kombuis kom en hardloop bly na haar toe. Maar toe hy nader kom, sien hy dis tant Lydia. Sy gryp hom en druk 'n spuitnaald in sy arm in. Eina! Los my! Los my!

Hy kyk op en sien suster Mary gebukkend by hom staan terwyl sy hom inspuut. "Sshh-sshh, don't worry ... you'll be all right" sê sy.

'n Paar dae later is hy weer beter en sit teen die opgestapelde kussings by die venster en uitkyk.

Die duif kom aangevlieg en uit gewoonte klim hy van die bed af om hom te gaan streel. Maar skielik voel hy onseker. Hy kyk na die duif en sien iets slinks en boos in sy swart slangogies wat hy nie voorheen opgemerk het nie ... en meteens haat hy hom.

Ongeërg pik die duif die krummels op en draai dan sy rug op hom.

Hy het nou opgehou om vir die duif genadebrood uit te strooi en probeer om die duif so ver moontlik te vermy. Maar die duif kom steeds – waggelend op knoetsige beentjies, sy kop skuins gedraai en met 'n meerderwaardige blik in sy geglasuurde oë.

Skielik besef hy verblindend helder dat daar niemand anders is wat hom sou kon help nie. Hy moet iets doen, iets om homself te help.

Daar is 'n gevoel in hom, tegelyk ontstellend en gerusstellend dat hy besig is om iets te beplan. Êrens in sy kop het ook nou 'n klein vlammetjie begin flikker. Dit het 'n kooltjie in sy kop laat gloei. 'n Klein holtetjie van wraak.

Suster Mary is besig met verslae, toe verpleegster Joan die dienskamer binnestorm:

“Sister, Paul has run away! He walked out of the lift on the ground floor and when I asked him where he was going, he looked very upset and made his way to the door. He had his clothes with him.”

“Perhaps he left a note in his room. I’ll go and have a look.”

Terwyl sy met die gang afstap, bid sy hardop: “Please dear God, not now. Don’t let it be too late.” Sy wou nog die hele tyd ’n kliniese sielkundige gekry het om hom te help na sy trauma.

Sy probeer Paul se gesig herroep, maar kan net sy oë onthou – donkerblou ondersoekende oë wat kon dring tot agter die verskuilde dieptes van haar eie pyn.

Sy het intuïtief geweet dat hy diepere kontak soek. Dis waarom sy hom kapel toe geneem het. Syself kon hom dit tog nie bied nie. En toe raak sy so besig.

Dis sterk skemer in Paul se kamer met die togetrekte gordyne en daar is ’n vreemde stilte. Dit voel asof sy maande laas hier was.

Toe onthou sy van die duif wat hy op die vensterbank voer. Miskien is dit die vaagweg moedelose gewirr van vlerkpunte, of die suggestie van sagte roggelende stikgeluidjies wat sy in die stilte hoor, maar nog voor sy die gordyn wegtrek, voel sy dit reeds aan – ’n irrasionele, afgryslike verwagting ...

Hy het die duif lewendig gekruisig op die houtvensterbank:

Sy sagte donslyf vasgedruk teen die wand, deurdrenk van bloed en op die naat oopgeklouf; ... sy toingrige vlerke oopgespalk en weerloos vasgepen; ... sy dun nekkie slap teen sy bors.

Hy het alles net so gelos – die skêr, die skalpel, die splinter-hamer en die penne.

Soos in ’n droom neem sy alles in – die borrelende bloed uit die stuiptrekkende bek; die gapende pens met die hartjie nog lig polsend agter oopgekerfde seningstringe.

Sy kyk vas in die duif se wanhopige oë, reeds toegewasem met ’n dowwe vlies. En skielik begryp sy.

Toe word suster Mary naar. Oor en oor kom die konvulsies, totdat daar uiteindelik net droë braakgeluide uitkom.

Nag van die boor

Met die swaar houtlepel roer sy langsaam deur die kokende konfyt. In die brons baan sien sy haar dae in eentonige reëlmaat draai. Tussen Maandag en Sondag sleur dit nimmereindigend: die wasgoed, die koskokery, die strykwerk en die slagwerk. Veral die slagwerk.

Sy ril voor die aanslag van sidderende hoenderlywe op die kapblok. Die soet walm van die warm vleis het haar agter die skuur laat naar word, daardie eerste keer. Hennie se arm was onbeholpe, verskonend om haar skouers.

Ma Bet het minder genade gehad.

“Op Bitterfontein is dit reg of weg!”

Bitterfontein. Gal kook in haar keel. Met die agterkant van haar hand vee sy oor haar taai voorkop. ’n Sliert hare bly voor haar oë hang.

Die eerste dag reeds het sy onder die kap van Ma Bet se byl gekom. Sy was besig om uit te pak na die troue, toe die swaar vrou afkeurend teen die kosyn kom leun het.

“Jy sal vir jou dienlike dragoed moet kry – daardie bont flentertjies lap beteken niks op ’n plaas nie.”

Sy het die pers rok verleë laat sak. Dit was die eerste van baie rondtes wat Ma Bet gewen het. In die begin het Hennie haar nog halfhartig probeer verdedig, maar mettertyd het ook hy geswig voor die nydige houe.

Oor ’n erfgenaam vir Bitterfontein het die ou vrou veel te sê gehad.

“Magriet, jy moet laat kyk na jou – daar’s sweerlik fout!”

Die volgende keer toe die ginekoloog op die dorp was, het hy Magriet se vermoede bevestig. Die fout was nie by haar nie.

Nadat Magriet die laaste fles konfyt gebêre het, stap sy badkamer toe. Onder die stort was sy die taai sweet van haar lyf af. Haar hande beweeg vinnig, ritmies. Sy moet gou maak, want water is skaars.

Daarom dat Hennie die boorman laat kom het.

“Hy is nou wel net ’n bogsnuiter en boonop ’n uitlander, maar hy ken glo sy storie. Kry ons nie gou water nie, sal die vee op ’n streep begin vrek.”

Sy het die vorige aand saamgery toe Hennie die boorman se kos vir hom gevat het.

’n Klompie voëls het verskrik opgevlieg toe hulle stilhou en die bakkie se deure toeklap. Daarna het die wit voëls soos pluïssies katoen teruggesak op die takke. Aan die ritmiese dreun van die boor was hulle skynbaar reeds gewoond.

Hulle het nadergestap. Waar die boorpunt ongenadiglik deur die aardkors gedring het, het water soos kleurlose bloed by die wond uitgeborrel. Daar naby het hopies gruis gelê – ’n hophie vir elke paar meter.

“Here we found the water,” het die boorman verduidelik en ’n hophie halfnat klippies na hulle uitgehou.

Pierro Andretti het met smal, donker hande beduie. Nie die hande van ’n boorman nie, het dit haar opgeval. Maar dit was uiteindelik sy oë wat haar vasgevang het. Daarin was ’n oeroue lied.

Daardie aand aan tafel praat Ma Bet en Hennie oor die boerdery. Sy luister nie, want eenkant, waar die lig in die skemerte van die gang wegraak, bly die note van ’n lied huiwer.

“Magriet, jy sal self môre-aand die Italjaan se kos moet vat. Ek en Hennie gaan Vlake toe. Ou Herklaas het ’n stoetbul wat hy uithuur. Hierdie ou trietsag van ons beteken niks. Net goed vir biltongmaak. As dit van dié sleg afhang, kalf g’n koei op Bitterfontein nie.”

Ma Bet suig ’n been uit en die blink murgvet loop teen haar vingers af. Haar breë tong flikker doelgerig tussen elke vinger.

Magriet draai haar kop weg.

“Toe-nou maar, ou Fieterjaas, jy kyk verniet anderpad.”

Ma-Bet glimlag spottend. Sy leun vorentoe en skreef haar oë.

“Net jammer ons kan nie vir Hennie ’n Hagar iewers te hure kry nie, né.”

In die skemer kamer druk Magriet haar kop teen die koel hout van die hangkas. Veraf hoor sy hoe Ma Bet se lag bo Hennie se vermanende stem kras.

Later, nadat Hennie soos elke aand sy swaar buik oor haar gerol het en sy nuttelose saad in haar gestort het, lê sy roerloos in die donker. Sy hoor later hoe hy slobberig langs haar begin snork.

Die soel sigeuner wag reeds, die lig vanuit sy karavaan 'n roserige halo rondom sy kop. Sy gesig blink sag, byna vroulik in die maanlig. Binne murmel musiek bokant die veraf gestotter van die boor. Hy beduie na die tafeltjie waarop twee dieprooi kerse flikker. Sy sit die mandjie daarop neer en haal twee perskes uit.

Die perskes lê donsag op haar palm. Hy steek sy hand uit en sy rol een van die perskes daarin. Hy sink sy tande stadig in die sagte geel vleis in.

“You enjoy one too – such goodness should not be wasted ...”

Sy oë lok en daag. Sy lek stadig oor die skil wat ruik na oopgebarste somer. Dan byt sy deur die sagte wang van die vrug en voel 'n straaljie oor haar ken rol. Die res van die sap suig sy versigtig uit die oopte op.

Sy lippe proe na perske. Hy is 'n vrugbare vallei, intens en vol somer. Haar hande verken die heuwels van sy lyf. Toe, op 'n hoogte, klief die boorpunt onverwags en die lag borrel helder en blink soos water uit haar keel.

Die volgende oggend is Hennie en Ma-Bet al voor sonop gereed om te ry.

“Moet nou nie die boorman se kos vergeet nie. Ons sal seker oorslaap, Vlake lê nie om die draai nie,” sê Ma Bet.

Ma Bet tel die bakkie se sleutels op. Sy beduie onverwags na die bak perskes op die eetkamertafel.

“Vat maar vir die mannetjie perskes, so nie vreet die voëls en die volk tog net die goed op.”

Magriet kyk na die gloeiende kole in die bak. Sy tel een op en ruik 'n warm vallei.

Sy byt stadig deur die sagte vlees. 'n Druppel son rol tot op haar ken en drup toe geluidloos op haar bors.

“Ja, hy sal daarvan hou,” sê sy.

En maak haar oë toe.